# ZASTRONNER

Uitleg en Ontwerp deur TSD Groep (info@tsd.co.za) ~ November 2012 ~ Prys: R10.00


# TOP MATRIKULANT

Op 'n spoggeleentheid op Saterdag 29 September is Chris Hoffman aangewys as Volksblad en die Universiteit van die Vrystaat se Matrikulant van die Jaar. Die kompetisie was straf – baie sterk leerlinge van oor die land heen het ingeskryf. Om so 'n kompetisie te wen is 'n groot prestasie. Ons hier in Zastron voel saam met Chris se ouers en grootouers baie trots op hierdie seun van ons dorp.

Chris se ouers is Sias en Lené Hoffman. Sias is in Zastron gebore en getoë en het in 1983 aan Hoërskool Zastron gematrikuleer waarna hy B.Agric in veeproduksie aan Kovsies studeer het. Lené is 'n oud Kroonstadter en het aan Hoërskool Kroonstad (Blou skool) gematrikuleer en toe Onderwys in Bloemfontein studeer. Haar hoofvakke was Wiskunde, Skeinat en Biologie en sy is steeds 'n staatmaker onderwyseres by Hoërskool Zastron. Hulle het drie kinders, Hagie, Chris en Hanneke.

Die Hoffman gesin is ons Zastronners van die maand. Lees binne verder.

*~ Maria Shaer*



*Foto: Verskaf*


SNAPPERS

Fish, Chicken & Chips

**24 Mathey Street, Zastron** **051 - 6731886**

***FRANCHISE***

***A Food store that you find only in cities like Cape Town, Johannesburg and Durban is now in ZASTRON***

MENU:

- Mini Hake and chips
- Hake and Chips
- 2 Hake and chips
- Calamari and Chips
- Combo 1 - Hake, Calamari and Chips
- Combo 2 - Hake, Half Chicken and Chips
- Combo 3 - Hake, Calamari, Half Chicken and Chips
- Chicken Burgers and Chips
- Double Chicken Burgers and Chips
- The Great Gatsby Roll
- Russian and Chips
- Large Chips
- Large Onion Rings
- Tartare
- Chip Roll
- Pap & Gravy
- Single Snoek
- Bread Rolls
- Vetkoek
- Cheese Grillers
- Small Chips
- Small Onion Rings
- Fish Cakes
- Coleslaw
- Cold drinks
- Single Hake
- Chicken Pieces
- Bread
- Soft Serve Ice Cream

***Welcome to the Snappers World!***

*A world of friendly service, spotless premises and the great taste of fresh fish, tasty chicken, crispy chips - and more!*

*It's a fantastic new fast food experience that's set to spread across the continent, wherever hungry people, who appreciate good food and value for money, buy.*

**Next to Trio's Cafe opposite Ellerines Furnishers**

Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

**NON STOP COURIER**

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg, Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

**(Koerier ook Zaston Nuusblad)**

**Kontak Martin Sel 076 853 9671**

# Uit Ons Pen

Goeie dag, Zastronners

Teen die tyd dat hierdie uitgawe van ZASTRONNER op die rakke verskyn is die GAT fees reeds verby. Ek is seker ons het dit almal geniet. Ons hier in Zastron is eintlik regtig "cool". Daar is min dorpe van ons dorp se grootte wat kan spog met hulle eie fees – een wat nou al vir die afgelope 6 jaar suksesvol plaasvind. Elke jaar is dit anders en uniek, nie net alleen omdat die kunstenaars verskil nie, maar ook omdat verskillende mense betrokke raak en hulle eie stempel afdruk. Welgedaan, mense van Zastron, die wye gemeenskap rondom Zastron, Hoërskool Zastron en alle betrokkenes. Ons hoop om in die volgende uitgawe lekker foto's en artikels oor die fees te plaas.

Ons as gemeenskap is baie trots op Chris Hoffman wat as die Volksblad en die Universiteit van die Vrystaat se Matrikulant van die Jaar aangewys is. Dit is 'n wonderlike prestasie en welverdiend. Baie geluk aan die hele Hoffman gesin wat almal sekerlik op hulle eie individuele manier 'n bydrae gemaak het om hom te ondersteun en aan te spoor om hierdie hoogtes te bereik. Ons het besluit om die Hoffmans in ons ZASTRONNERS VAN DIE MAAND artikel 'n bietjie beter te leer ken.

Die volgende uitgawe van ZASTRONNER sal die laaste een vir die jaar wees. Kyk gerus op bl. 30 in hierdie koerant vir inligting oor hoe om te werk te gaan om aan jou mense in die ZASTRONNER Kersfees boodskappe te stuur. Dit sal pret wees om mekaar se wense in die koerant te lees.

Die doel van 'n gemeenskapskoerant soos ZASTRONNER is om nuus oor gebeure en mense in ons hele gemeenskap met mekaar te deel. Dit is vir ons as redaksie baie lekker om te sien hoe ZASTRONNER al hoe meer in sy doel slaag. Dit is net moontlik omdat mense en organisasies ons van nuus voorsien. Baie dankie aan almal wat gereelde bydraes maak en ons visie van 'n ware gemeenskapskoerant deel. Mr Lehlohonolo Mafatman wrote a very interesting article about community journalism. We at the helm of this community newspaper are neither journalists, nor are we qualified to pass judgement in any matter – we are volunteers and our only hope is to be balanced in our approach. We are relient on the participation of the community and are very thankful for every person who takes the time to write something.

We at ZASTRONNER wish our matriculants all the best for the important final examination. May you find support from family and friends while doing your very best. Good luck!

Piet Swanepoel grappie vir die maand is: If nothing seems to be going right, go left.

Tot volgende keer, lekker lees!

## NEEM KENNIS

Zastronner behou die reg om berigte, artikels en briewe te verkort of terug te hou as dit nie vir publikasie geskik is nie. Alle probleme, asook wenke moet met die redaksie persoonlik bespreek word. Foto's moet van 'n gefrankeerde koevert voorsien wees om te verseker dat dit terugbesorg word. Die redaksie is nie verantwoordelik vir die betaling van foto-ontwikkeling nie. Die menings gepubliseer in Zastronner is nie noodwendig dié van die redakie nie. Neem betyds kennis van die sluitingsdatums.

## NOTICE

Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

**Afsnydatums vir die res van die jaar bly die laaste Vrydag van elke maand. Artikels, stories, briewe, ens. kan gestuur word na squares@mweb.co.za. Zastronner is elke maand beskikbaar by:
Oog bakkery, Zastron Kafee, Zastron Drukkers, Nell's Restaurant, Squares en Kotteljonsie.**

# I Wonder

Why this "MOHOKARE GOES GREEN" billboard was put up. Because it serves no useful purpose what so ever.

If the Municipality thinks that the residents of Zastron are really impressed by this, they are mistaken, as it does not show any "GREENNESS" in and around town and we see it every day.

Whether you ever thought of the fact that the basic services to be done on a daily basis are included in your salaries so it does not require extra money, the work just needs to be done.

When a supervisor is appointed, does it not mean you have to supervise the workers that fall under you? and that it also means that the supervisor needs to supervise the work that was done, instead they are always in Sterkspruit which is way out of our region.

Why then are the supervisors never to be seen except when they drop the workers, (without the proper tools and fittings) and then again when they pick them up and no inspection was done at all.

If we are to pay for services, where does the new Credit Act come in because we are not suppose to pay for something that we don't receive and the person who is rendering the service is suppose to comply fully in whatever he or she is selling or providing.

As new by-laws were instaded by the Free State Premier in Municipalities, when are they going to be implement and who will do it and how will it be done?

How far we as residents will be pushed with higher and higher costs everywhere and we still do not receive what we are paying for us to lead a descent life and live in a safe and healthy environment.

When a clerk at the municipality says to a white resident that complains to her because the supervisor did not see to it that the workers have the necessary tools en parts for the job, "we stop the work if you white people complain", (and she really phoned the workers to tell them to stop the work on which they refused) what the real attitudes are among the Municipality Officials towards the residents that make sure they get their fat cheques every month for no real work done in the month.

By which standard and criteria are the Officials and workers evaluated for bonuses because none of these under performing workers deserve to get any bonus. The Equity ratios for Municipals are that 9.3% of the workers should be white and 9% should be Coloured. This is clearly not followed in Mohokare Municipality.

I do not wonder what the Municipal Traffic Cops are doing because I can see what they are doing. NOTHING and the reason I think is because they also feel bad about the roads and streets we have to drive on so they just sit around and write the cars off and so on, and so on. People are parking, driving, walking as they like. Road unworthy vehicles are use to transport people to and from town. These are some of the things that the Municipality could start with, without any costs except salaries.

If I remember correctly, a lot of money was stolen, misused and none of the money for projects were used for the real purposes it was meant for, but still we keep quiet and things are not improving at all. Even now the new zone does not have any sour age system. The people are living amongst it, walking through it but the new sour age dam and system are not completed. People are fed up with this situation and if this town is to survive, we must do something about it.

If it is not now the time to take stock of the situation and decide whether we would like to continue this way or will we take real standings and as residents force the Municipality to deliver the goods that we are paying for.

This I do not wonder about; things are irritating and frustrating and we are boiling inside, and the Councilors, elected, are worth nothing to us. We do not have service delivery or meetings in this regard, information and are not even asked for help if they struggle with service delivery so; what is the purpose of a Councillor? It is just a waste of money, and lots of it.

Since the DA is the official opposition in this Municipality, much more was expected of the Coouncilors (because we doubled in numbers from 1 to 2 concilors) and after a year it is apparent that they were the wrong people to be appointed for this. Seemingly they are not the opposition,but joining the game.

I wonder if and how many people would turn up for a meeting if it was properly organized and adverised. We should try it and see IF THE COUNCILORS are up to it.

The fact is this town is going down so fast and there will be nothing to do or to pay for and the lazy people will also not have jobs that pay them mahala. We cannot live on politics and promises; we need businesses and jobs that will bring life to Zastron.

OH NOW I KNOW!! THE "GOES GREEN" MEANS THAT THE TAR ROADS GOES BACK TO GRAVEL AND HOPEFULLY GRASS (that still needs to be cut) LATER ON. HOW STUPID OF ME.

Greetings

~ *Elize Steyn (Unedited)*

# Brand Rouxville Distrik

Dankie aan ons Hemelse Vader wat deurentyd in beheer was. Sover ek weet is niemand beseer nie!

'n Handruk aan elke boer wat daar was en vas gestaan het en die werkers wat saamgekom het om te help met die brand. Ek weet nie hoeveel bakkies daar was nie….al wat jy sien is hoe die bakkies kom water skep by die dam.

Jul sal my nie verkwalik as ek my twee kleinkinders noem nie. Mennette en Corne was byna die heeltyd saam met pappa op die bakkie. Iemand het ook heeltyd voor Monica en die kinders gery om te sien dat hulle veilig by die huis kom. Dankie daarvoor.

Dankie aan Eskom wat so vinnig reageer het nadat hulle die boodskap gekry het. Dankie Corné dat jy saam met Eskom werkers gegaan het en gaan wys het waar is die draad wat op die grond lê. Eskom het gedurende die nag herstelwerk gedoen.

'n Vorige keer het daar ook 'n brand ontstaan op dieselfde plek…maar die brand was vinnig geblus. Met die geval was die winde te sterk en het die vlamme buite beheer gejaag. Die vlamme het tussen deur die skape beweeg, maar die skape het bly staan. Wat 'n wonderwerk!

Baie dankie vir elke oproep ontvang. Baie dankie nogmaals aan een en elk.

*~ Christina Pelser*

# Pragtige Stadsaal

Baie dankie aan Mohokare munisipaliteit vir die verf van ons stadsaal. Die gebou is so pragtig en nou is dit nog mooier – jammer die foto is nie in kleur nie. Alle Zastronners moet gaan kyk hoe mooi die kleure op die gebou lyk. Die Zastron Forum en Tuinbouklub is ook besig met die regruk van die roostuin voor die stadsaal. Die dorpsplein is vir so lank afgeskeep. Dankie aan almal wat betrokke is. Ons, die gemeenskap van Zastron, sien al julle pogings raak en waardeer dit.

*~Maria Shaer*



*Foto: Verskaf*

**ZASTRON PRINTERS**
26 Majozi Street • Zastron
051 673 1096

- Copies
- Cycle Parts
- Photo Printing
- Laminating
- Stationery
- Binding
- Scrap Booking Albums & Supplies

There was a blonde that lived in a small house on the corner of 4th Avenue.

She had a small shed in her backyard where she kept gardening tools. One day, she thought she saw smoke coming out of the roof of the shed.

In a panic she called 911. They answered and said "This is Joe, is there an emergency?"

The blonde replied "Yes my shed is on fire!!!" Joe said, "Don't panic help in on the way...where do you live?"

The blonde said, "IN A HOUSE, NOW HURRY!!"

Joe calmly responded back, "How are we supposed to get there?"

The blonde answered back, "DUH!!! A BIG RED TRUCK!"

**NAUDE EN RADEMEYER BK h/a**

**ZASTRON APTEEK/PHARMACY**
**Reg nr: 2004/014393/23**

Posbus 400
Zastron
9950
Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A
Zastron
BTW nr.: 4240203770
E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS VERANTWOORDELIKHEID!

YOUR WELLBEING IS OUR RESPONSIBILITY!

PC Naude
Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

# Thembalethu Clinic News - September 2012

### BACK WEEK

Suzelle Vorster (PT) and Dina Chabe (PTA) did a presentation on back care at Mofulatshepe Primary School on 20/09/2012. The focus of the presentation was the teachers and they were taught how to maintain a good posture while working at the desk and standing in front of the class. The principles of back care were explained and demonstrated to the teachers. Information pamphlets with pictures showing proper positioning behind the desk and in the car were distributed. The teachers were very interested and had a lot of questions afterwards regarding the treatment of lower back pain.

### CASUAL DAY

OT arranged stickers from ABSA bank for all Thembalethu and Stoffel Coetzee Hospital personnel. The theme was getting on board and all personnel were advised to dress according to the theme. All the money that was collected was given to the bank will be donated to various disability organizations.



*A. Strydom and A. Hattingh in their casual day outfits.* *Photo: Supplied*

### PHARMACY WEEK

Pharmacy week was arranged by Pharmacy Assistant Petronella Mitchell. The event was held on the 5/09/2012. The theme of the week was: "Know your medicine." Health education was given by pharmacy personnel Joyce Mphone on how to use different medicines. A great play was performed by the health care workers team. All the patients received cupcakes and a soap container, the personnel was also spoiled with cake and drinks.

### CANSA LADIES BRUNCH

OT A.Smith assisted the Vrystaat Vrywilligers in Aksie (VVinA) by being a hostess at their ladies brunch in Smithfield on the 13/09/2012. The morning was held by the ladies of the community to raise breast cancer awareness. Different speakers gave speeches and then a big brunch was served. It was a lovely morning and the ladies enjoyed it very much.



*The play by the health care workers.* *Photo: Supplied*



*Petronella Mitchell and Yolande Jordaan with cupcakes for patients.* *Photo: Supplied*



*S. Vorster (PT) and other ladies at DOH table at CANSA ladies brunch.* *Photo: Supplied*

# Zastronners van die maand

**Lené en Sias Hoffman**

***1. Chris is al 'n hele ruk lank 'n koshuiskind by Marlow. Wanneer is hy weg en was dit moeilik om hom te laat vlieg uit die nes uit?***

"Hy het in Graad 8 na Marlow gegaan. Ja, dit is sekerlik vir enige ouerpaar moeilik om jou kuikens uit die huis te laat gaan. Gelukkig weet ons dat 'n Marlow-kind 'n gelukkige kind is, nie net oor al die aktiwiteite wat daar aangebied word nie, maar ook oor hoe daar met die seuns gewerk word. Die slegste deel hiervan is as die bedrywighede afneem en ons oor naweke alleen by die huis is. Snaaks dit word elke jaar moeiliker, daarom is ons bly hy gaan Bloemfontein toe om te studeer. Chris het gedurende September waterpokkies gehad en toe die opmerking gemaak dat dit die langste was wat hy aaneen die afgelope 2 jaar by die huis was - 'n Volle 7 dae."

***2. Het julle maar gereeld die afstand afgelê om hom te siene te kry?***

"Ons was bykans elke naweek op Marlow, of waar hy aan aktiwiteite deelgeneem het, veral tydens die rugby-seisoen. Eers vir Hagie en toe later vir Chris ook. Die afgelope 4 jaar het ons omtrent net nege van bykans 80 rugby dae gemis. Dit verg nogal baie as in ag geneem word dat 'n tuis wedstryd 310km ver is, maar soos Mnr Olivier , skoolhoof van Marlow sê: Op Marlow is rugby 'n leefwyse en nie slegs 'n sport nie. Ek weet werklik nie wat ons hierdie komende jaar met onsself gaan aanvang nie! Dit sal regtig 'n aanpassing wees! Miskien sal ek nou by my eie dingetjies uitkom."

***3. Hoekom het julle Marlow gekies vir hom? Is landbou in julle bloed?***

"Ouboet Hagie het seker die grootste rol gespeel in Chris se besluit om na Marlow te gaan. Ek dink ons is Plattelanders en Plattelanders pas nie maklik in die stad aan nie. Ons sou veel eerder vir Chris op Zastron wou grootmaak, maar soos van my kollegas kan getuig, is dit vir geen kind lekker om saam met sy ma in dieselfde skool te wees, by haar klas te hê en nog in haar vak goed te doen nie. Baie vingers word dan gewys. Chris en Hagie het 'n suiwer akademiese kursus gevolg aan Marlow, maar ek dink die plaasopset maak dit besonders."

***4. Behalwe Chris se duidelike leierseienskappe en akademiese prestasies is hy ook mos 'n goeie sportman. Wat is sy gunsteling sport?***

"Alhoewel Chris deelgeneem het aan rugby, krieket, atletiek en tennis, en provinsiale kleure in al vier verwerf het, is hy versot op tennis. Die afgelope jaar het Marlow die meeste tennisspelers in elke ouderdomsgroep in die OP spanne gehad van alle skole in die Oos-Kaap. Marlow het ook die afgelope jaar skole buite die OP soos Noord-Kaap, Menlow Park, Outeniqwa en Paarl Gim en verloor met slegs een punt teen Paarl Boys High. Chris het ook 'n tennisbeurs aanstaande jaar by die Kovsies waaroor ons baie dankbaar is. Een van die plekke wat Chris uiteraard dan ook wil besoek in Europa, is Wimbledon."

***5. Hoe het die beoordeling vir die Matrikulant van die Jaar kompetisie plaasgevind?***

"Die finaliste is gedurende die naweek vir leierskap getoets. Alle vorige presta-

sies het nou nie meer gegeld nie. Dit het hulle tot daar gebring, maar almal het nou met 'n skoon blaaitjie begin. Daar was verskeie onderhoude deur die loop van die naweek waar vrae aan hulle gestel was. Hulle moes ook sommige probleemsituasies oplos en is onder druk geplaas. Van die vrae wat aan hulle gestel was, was bv. "Hoekom is 'n ambulans wit en 'n brandweer-wa rooi." Hieroor moes hulle 5 min lank praat! Hulle was ook blootgestel aan groepsaktiwiteite.Die beoordelaars het vooraf besluit dat hulle 'n leier met 'n sterk waardestelsel (beginsels) wil hê en wat dit op leierskapsvlak kan uitleef en toepas. As jy op Marlow se webwerf gaan kyk sal jy sien dat Mnr. Olivier daar sê om Prefek of dan hoofseun op Marlow te wees, is nie so maklik en stresvry soos by ander skole nie. Die verantwoordelikhede is meer en die rol van handhawing van dissipliene in die skool en koshuis, veral oor naweke, is baie meer aangesien die seuns in 'n groot mate self verantwoordelik is vir die handhawing van dissipliene. Chris het die afgelope jaar baie met uitdagings te doen gekry wat hy moes hanteer en so ook baie gesprekke gehad met Mnr Olivier en die personeel wat hom wonderlik ondersteen het, en ook ander mense wat hom toegerus het om die vraagstukke te kon hanteer op die volwasse wyse wat die beoordelaars verstom het."

**6. Was julle senuwees gedaan voor die aankondiging?**

"Ja . Ons het nie geweet wie die wenner gaan wees nie, omdat daar soveel pragtige kinders by die kompetisie was. Ons het meer met afwagting gewonder wie die wenner kan wees."

**7. Wat het deur julle gedagtes gegaan met die aankondiging?**

"Mens is aanvanklik stomgeslaan, maar al wat ek kon onthou, was dat ons die Vader gedank het dat Hy sy kind so seën. Chris is 'n uitgesproke Christen wat oor elke faset van sy lewe bid en sy Christenskap ten volle uitleef en dit was vir ons so wonderlik dat hy so geseënd is. Ons het almal lekker gehuil met die aankondiging, hoor!"

**8. Waar was die geleentheid? Was dit pragtig? Wie het gepraat? Hoe is die aankondiging gemaak?**

"Die geleentheid was op Kovsie-kampus by die Eeufeesgebou. Ja, hulle het regtig baie moeite gemaak om dit 'n spoggeleentheid te maak. Oswald Wentworth van KPMG het die aankondiging gemaak. Verskeie ander het ook toesprake gehou.

**9. Ek sien in die Volksblad dat Chris se sin vir humor die beoordelaars beindruk het. Van wie af kry hy die humorsin?**

Sias is ernstig en ek kwaai, so, ek weet nie. Dalk van sy boetie. Wie weet. Nee, ons kan lekker met mekaar die draak steek as ons wil. Dis maar iets wat in die huis is."

**10. Hy het besluit op aktuariële wetenskappe. Is die wiskundigheid ook maar in die bloed? Geniet hy syfers?**

"Aan beide kante van die familie is almal wiskundig. Ek onthou hoe my ma altyd vertel het hoe my oupa lang rye driesyfergetalle met een oogopslag kon optel. Nie eers die ene, dan die tiene, ens nie. Chris is, soos almal van ons, baie lief vir syfers, ja."

***11. Hy het darem heerlike pryse gewen! Watter een is hy die blyste oor?***

"Ek dink die Volkswagen Polo, hoewel hy gaande is oor al die pryse. Hy beplan ook gereeld die oorsese reis en verander daagliks van roete."

***12. Die vraag op almal se lippe lê: wie gaan saam oorsee?***

"Op hierdie stadium, ek. Sias is te besig gedurende Desember en die prys moet voor 31 Maart 2013 gebruik word."
***(ZASTRONNER wag vir 'n lekker lang storie oor al julle wedervaringe hoor!)***

***13. Julle ouers is sekerlik verskriklike trotse grootouers?***

"Beide ons ouers is tans inwoners in Zastron. My pa, Chris Jacobs, is 'n inwoner van Huis Vergesig en Sias se pa, Hagie Hoffman, bly in die dorp. Ek dink hulle hempsknope het behoorlik gebars. Hulle het die nuus wyd en syd verkondig!"

*************************************

Op die pas afgelope prysuitdeling het Chris 13 bekers ontvang vir onder andere:

- Leerder met die hoogste klaspersentasie vir gr 11 en 12
- Beste leerder in Fisiese Wetenskappe (Skeinat) in Gr 11 en 12
- Beste leerder Rekeningkunde
- Beste leerder Wiskunde
- Dux leerling
- Veelsydigste sportman
- Leierskap
- Besondere deelname en initiatief in Verenigingslewe
- Volgehoue akademiese toewyding
- Leerder wat die beste daarin geslaag het om die Leuse van die skool "Handhaaf en Bou" uit te leef.

Die bekers waarop ons die trotste is en wat seker van die hoogste toekennigs is wat 'n seun op Marlow kan ontvang, is:

- die 'Skoolhoofde beker' wat sonder enige verduideliking deur die skoolhoof self gemaak word en
- die 'Wolram van die Jaar'.
  Hierdie beker word toegeken aan die leerder wat
  - die reëls van die skool gehoorsaam,
  - gewild is onder leerders en personeel,
  - respek en hoflikheid teenoor ander, veral dames, betoon.

***Wel, ons as Zastronners is saam met julle baie trots op julle seun en sy prestasies. Ons wens hom alle sukses toe met die finale matriekeksamen en mag hy 'n heerlike studentelewe op Kovsies hê.***

# Loslitdag

## 7 September 2012

Hierdie jaar was geen uitsondering nie, Matlakeng kliniek se personeel het weer hul hande diep in hulle sakke gesteek, hul grysstof gebruik om kreatief te dink en die dag met ywer en entoesiasme aangepak. Met die tema, kom aan boord, kon dit ook nie anders nie.

'n Heerlike gees was by die kliniek te bespeur en dit het selfs van die pasiente aangetas. Ongelukkig was 'n groot aantal personeellede nie by die kliniek nie maar hulle het die loslitplakker met trots gedra waar hul ookal was. Daar word beplan om volgende jaar 'n prys te gee aan die afdeling wat die meeste gees het. Dankie aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop het en ook die wat hul seerower en matroos klere afgestof en aangetrek het.


## Zastron Guest Houses & B&B's

**Die Dampondok**
Lintie Swanepoel cell: 082 347 4833
Faks: 086 683 2416
e-mail: lindrieb.ermtravel@galileosa.co.za
Website: www.zastron.co.za/accomodation/berglustpond.html

**The Highland Guesthouse**
Monica du Plessis Sarieta Franzen
31 Meyer Street Phone/Fax: 051 673 1557
e-mail: highlands.zastron@gmail.com
Website: www.highlandszastron.co.za

**Mountain View**
Chris & Elzabe Cell: 082 446 9108
Phone: 051 673 1040
e-mail: info@mountainviewzastron.co.za
GPS coordinates: S30 17'840 E4'445

**Die Ou Stal B&B**
38 George Street Piet & Zen Labuschagne
Cell: 082 416 7832 Tel/Fax: 051 673 1268
e-mail: dieoustal@tiscal.co.za

**Tienfontein**
AA Superior Rated****
Eugene & Alta Heyns Cell: 082 410 8351
Cell: 082 374 9612 087 550 1699
e-mail: emheyens@nokwi.co.za

**Vultures Lodge**
Tielman Roos ave. Tania van Tonder
Cell: 076 227 3913 Fax: 086 658 40 46
e-mail: vultureslodge@webmail.co.za
GPS coordinates: S30.17'836 E27.04'224


# Die Doel?

Dit is die duisend Dollar vraag! Ek is seker jy het al gevra: Wat is die doel van hierdie of daardie slegte ding in my lewe? So lees ŉ mens veral van slegte dinge in die vervolgde kerk se lewe. Mense is bv. Christene in Sjina, maar beleef vervolging en vernietiging. Die vroeë kerkgeskiedenis vertel dit ook. As dit iewers goed moet gaan, is dit nie by hulle wat alles opoffer vir God en sy gebod nie. Die onvermydelike vraag ontstaan: Wat is die doel!?

Die doel-vraag is ŉ goeie vraag. Ons is eenvoudig mense en nie motte nie. Ons kan nie maar net om die kers draai en draai totdat ons in die vlam gevang word nie. Ons wil weet waarnatoe - die doel? Ons staan met doellose dinge in ons lewe soos met ŉ legkaartstukkie in die hand wat nêrens wil pas nie. Tog dring die vraag hom onophoudelik aan ons op - vir eeue. Want sien, ons is doel-mense. Geen wonder dat boeke met die titel: "The purpose driven life"' rekord verkoopsyfers haal nie.

Weereens: Wat is die doel? Moenie te gou sê daar is 'n doel, ons kan dit net nie sien en verstaan nie. Hier kom ŉ ander antwoord. As 'n mens kyk na die nuttelose gebeurtenisse rondom mense se lewens, kry jy eintlik net een goeie antwoord: Dit is DOELLOOS en daarom NUTTELOOS en VERKEERD dat dit gebeur. Moenie dit doel-vol probeer maak nie. Dit is en bly doelloos en sinloos. Maar hoekom moet ons dit dan deurmaak – doellose ding soos busbomme, ŉ huis wat afbrand, die onvermybare dood, ens.?

Moet ons dit dan oor ons laat kom? Nee, ons moet daarteen protesteer. En ons kan dit net uitstaan as daar iewers ANDERS doel en sin is en wag. Waar sal dit wees? Die môrester van die nuwe dag het reeds opgegaan... met die koms van ons Here Jesus Christus (2 Pet 1:19). Daar is die doel van ons lewe. Tot dan moet ons volhardend en vasbytend vorentoe beur.

Baie dinge is doelloos. Bewaar die een wat dit probeer doel gee. Die lewe raak dan net dikwels meer absurd. Dit lê nie in ons mag en krag om dinge sinvol te maak nie. By Hom is ons doel en sin (1 Kor. 2:16). Al wat ek wens is om Horn te ken, want so alleen is ek van doel verseker. Ken die Sin-gewer!

## NOVEMBER

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | **1**<br>H/S Krieket 0/18 @ Sentraal A | **2**<br>JESUS JOL - Buitelug Sentrum<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur<br>10:00 Zastron Landbou verg. | **3**<br>JESUS JOL - Buitelug Sentrum<br>8:00 Nell's Oggendmark |
| **4**<br>JESUS JOL - Buitelug Sentrum<br>N.G.K. Erediens Buitelug Sentrum<br>MTN OFM Classic - Bfn | **5**<br>18:00 BL Vergadering | **6** | **7**<br>14:30 V.V.A. Algemene verg. | **8**<br>Rolbal Besigheids Liga | **9**<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | **10**<br>Gholf Zastron Ope Dag/ Borg OVK |
| **11**<br>N.G.K. Belydenis Aflegging<br>18:00 N.G.K. Kerssangdiens | **12**<br>18:00 N.G.K. Finansies verg. | **13** | **14**<br>13:30 Bloedskenk | **15** | **16**<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | **17**<br>Gholf S/F<br>SAJWV Skietdag<br>10:00 Tuinbouklub Afsluiting |
| **18**<br>N.G.K. Nagmaal<br>N.G.K. Kinderdiens<br>N.G.K. Kategese Afsluiting | **19** | **20** | **21**<br>9:00 H.V. Beheerraad verg.<br>18:00 N.G.K. Kerkraadsverg. | **22** | **23**<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | **24**<br>Gholf AGM |
| **25** | **26** | **27** | **28** | **29** | **30**<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur<br>Zastronner Afsny datum | |

**ONDERHEWIG AAN VERANDERING**

## DESEMBER

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>19:00 Lionsvergadering | | | | | 1<br>Gholf Jaarafsluiting<br>8:00 Nell's Oggendmark |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7<br>Skole sluit<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | 8<br>Bogy Gholf |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | 15<br>S/F Gholf |
| 16<br>Versoeningsdag | 17<br>Openbare vakansiedag | 18 | 19 | 20 | 21<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | 22<br>S/F Gholf |
| 23 | 24 | 25<br>Kersdag | 26<br>Welwillendheidsdag | 27 | 28<br>18:00 N.G.K. Mannebiduur | 29<br>Lede keuse Gholf |
| 30 | 31<br>18:00 N.G.K. Oujaarsdiens | | | | | |

**ONDERHEWIG AAN VERANDERING**

# Moments

From the start Diana got on my nerves. Her simpering, downcast demeanor. Her big fat gypsy wedding dress and the venue, St. Paul's. Too austere.

What was wrong with the eclectic junk of Westminster Abbey? From the beginning she seemed to be trouble and strife for the Royal Family. She didn't seem to know how far not to go. It was only after her death that I slowly began to realise how tragically lonely and sad her private life was with a "Mistress" constantly at her side.

When we were renovating "Luton Lodge" in Napier two french doors were added. One to the Lounge and one to my bedroom. Both doors faced directly east and overlooked a patio with a walled-in fish pond and spouting lion's head. I never shut my curtains at night preferring to fall asleep watching the brilliant stars. This was a disadvantage in the morning when I was woken by the first glare of the sun as it rose in the east over the mountains.

On Thursday the 28th of August 1997 I repeated my getting up, but stopped dead in my tracks halfway across the lounge. I had a flash of sudden Knowledge. I didn't have a vision or anything, I just "KNEW". I shouted, "Turn on the T.V.! Something terrible has happened to Diana!" and rushed into the kitchen to turn on the radio. As usual there was nothing on the radio. So I went through to the T.V. room and sure enough Diana was wearing her crisp white short sleeved shirt and Khaki trousers climbing into a light aircraft. "Nothing wrong with her!" was laughingly scoffed at me. So I headed back to the bathroom and the day went on its merry way.

On Sunday the 31st of August the process was repeated. I turned on the radio in the kitchen, "Princess Diana has been tragically killed in a motor car accident in a tunnel under the river Seine in Paris." How had I known four days previously? Had I inadvertently intercepted some radio wave or E.S.P. planning her murder? Thoughts baffled me for years.

One night in Zastron I was watching T.V. when a curious programme came on. It was trying to explain the curious phenomenon of people who experience what I had done! There may be no connection between the parties concerned, as there obviously wasn't and like all unexplainable mysteries, being human, they gave it a name, 'QUANTUM INTERENGAGEMENT". I still think it's very strange.

~ *Roland Stafford*

SQUARES
FURNISHERS & GIFTS
38 REICHENBERG STREET, ZASTRON, 9950
PHONE: 051-6731281, FAX: 051-6731739
DEFY
TELEFUNKEN
SONY
LG
Sunbeam
SAMSUNG
CAPITEC Bank
MasterCard
VISA
CREDIT CARD FACILITIES NOW AVAILABLE

ZeD


Betonprodukte/Concrete products

- Lateie/Lintels (110mm &150mm)
- Stepping stones
- Geutafvoere/ Rain water channels
- Veekrippe/ Cattle troughs
- Vensterbank teëls/Window cill tiles
- Gryswater inlate/Gulley tops
- Copings
- Lugstene/Air bricks
- Veekrippe/ Cattle troughs

Kontak Danie Marais 0824405859
Wiets Marais 0731702478
21 Mathey st. Zastron

# Ou Motorhawe kom met nuwe baadjie vorendag

Die ou 1938 Chrysler hou voor die petrol pomp stil. Agter hom trek 'n De Soto, van ongeveer dieselfde jaar, in.Petrol word ingegooi. Die prys? Twee sjielings en ses pennies, oftewel, 'n halfkroon, (25 sent), vir een gelling (Vier en 'n half liter)!

Die petrol pompe en motorhawe, OQB Motors (OQB was die registrasie letters vir Zastron) het aan 'n sekere Mnr.Piet Swanepoel en sy vrou Koenas behoort.Hulle het die onderneming "Donaldson's Garage" oorgeneem en dit OQB Motors herdoop.As die besoeker by die groot roldeur instap is daar 'n koperplaatjie teen die muur waaarop die naam aangebring is. Links is nog die ou gat in die muur waardeur die petrol joggies geld na die kantoor moes deurgee.

Regs van die motorhawe was die winkel van Jordaan Broers, algemene handelaars en heel regs ,nog steeds deel van die gebou, die kantore van prokureurs Roome en Malan.

Binne die gebou vind die besoeker 'n baie skoon en netjiese voorkoms, met reuse skilderye aan die mure, deur die eienaar self aangebring. Die ou put, omtrent 2 meter diep, waar die motors gesmeer is, is behou. Dit gaan deel uitmaak van 'n nuwe kroeg en kuierplek wat beplan word. Die res van die gebou is alreeds in 'n haarsalon en gastehuis omskep.

Agter die gebou was op een stadium 'n grofsmid en as daar gepoog word om tuin te maak kom allerhande snaakse voorwerpe, soos perdeskoene en stukke ploegskaar uit die grond te voorskyn.

Heel links was, op daardie stadium 'n kaal erf.Hierop is ook 'n motor hawe opgerig , maar die het kort daarna na 'n ander perseel verskuif. Jordaan broers het toe in die gebou ingetrek.

In 'n pakkamer is 'n volledige boek met ou fakture ontdek. Soos skimme uit die verlede flits hulle voor jou oë verby – Dodge, De Soto , Chrysler, Plymouth, Chev, Ford, Pontiac en vele ander, te veel om op te noem, is hier gediens en versorg.

Hierdie lang gebou se ryke geskiedenis gaan ten volle deur die huidige eienaars, Mnr. Sakkie en Mevr. Lorraine Potgieter, bewaar word.

*~Alex Van Rensburg*




*So was die voorkoms in 1944.* *Foto: Verskaf*



O.Q.B. MOTORS (PTY.) LTD.
SERVICE STATION. 112
JOB TICKET.

Owner
Address
P.O. Zastron
Model Pontiac
Chassis No OQB 100 Engine No
Delivery Date
Phone No.
Licence No.
Mileage

| OPERATION | Description of Work to be done | Hrs. | Wages | Tyres & Tubes | Acc. | Oil & Grease | Petrol | Sundries | AMOUNT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Grease & Change Oil | | | | | | | | |

*Een van die ou fakture van die Pontiac, OQB 100, van mnr. Nic de Wet, gediens teen 'n koste van R3,02.* *Foto: AvR*



*Hier staan Mev. Lorraine en Mnr. Sakkie Potgieter in die put in die middel van die sitkamer.* *Foto: AvR*



*Die Hele gebou soos dit vandag daar uitsien.* *Foto: AvR*

# Among my souvenirs

'n Klein stukkie van 'n GROOT Monument. Die laat middagson se laaste strale vorm 'n sagte dieprooi weerkaatsing vanaf die reuse graniet kolom wat soos 'n eensame vinger na die Hemel wys. Skouspelagtig, gloeiend, word dit omring deur die groot plein – in die agtergrond, die winterpaleis van die Tsars.

Ek het die dag in hierdie wonder plek van bewaring, tans die Hermitage Museum, deurgebring.Vroeër het die regeerders van Rusland, die Tsars, die koue noordelike winters in hierdie Paleis trotseer.

Tans, een van die grootste museums ter wêreld, word die Hermitage in vyf reuse aaneenlopende geboue gehuisves. Wat hier bewaar word beskryf die mense en tye in die Russiese geskiedenis. Dit is geleë in die stad St. Petersburg, stad van die wit nagte – sogenoemd omdat dit nooit werklik hier heeltemal donker word nie, slegs 'n geheimsinnige skemerte.

Ek verlaat die Hermitage – stap oor die groot plein na die rooi graniet kolom. Die monument is opgerig ter ere van Tsar Alexander I (ook bekend as Alexander die grote) regeerder van Rusland van 1801 tot 1825.. Hy was verantwoordelik vir die oorwinnings oor Napoleon.

Die "Alexandrovskaia Kolonna" is ontwerp deur die Frans gebore argitek, Auguste Montferrand, skepper van die manjefieke Katedraal van "St.Isaac's".'n Meesterstuk van ingenieursvernuf is dit in die vroeë 1830's gebou. Bo-op is die beeld van 'n Engel wat 'n Kruis vashou, die gesig die ewebeeld van Tsar Alexander.

Met 'n totale hoogte van omtrent 50 meter is die lengte van die ronde monoliet, gekap uit 'n soliede stuk rots, ongeveer 30 meter met 'n deursnee van amper 4 meter. Die grootste wonder, bly egter, dat hierdie soliede rooi granite rotsblok, met 'n gewig van meer as ses honderd ton, binne twee uur, sonder die hulp van moderne hyskrane of toerusting, opgerig is. Die 10 meter hoë voetstuk is versier met beelde van militêre oorwinnings.

Ek staan voor die groot monument. Iets vang my oog. Dit blink in die sonlig en ek raak daaraan.Dit is 'n stukkie van die rooi granite klip monument en wonder bo wonder – dit is los. Ek neem dit en plaas dit in my sak.

Vandag pryk dit in my Taverna Venezia vir almal om te sien, duisende kilometers van St. Petersburg en Rusland. Nog 'n soewenier wat 'n verhaal vertel.

*~ Alex Van Rensburg*



*Paleis Plein met die Alexander monument en die Hermitage museum in die agtergrond.* *Foto: AvR*



*Hier staan ek aan die voet van die reuse Alexander monument.* *Foto: AvR*



*Die klein stukkie van die monument van Tsar Alexander I.* *Foto: AvR*




**Kotteljonsie**

051 673 1369

- Roosbome
- Struike
- Vars saad
- Baie nuwe geskenke

Baie Sterkte aan elke matriekleerling

Mag dit baie goed met die eksamen gaan

# Op Reis deur Suid-Afrika

Tydens my onlangse blitsbesoek aan Zastron, het Koringberg in een van ons onthousessies ter sprake gekom, en daar is niemand beter om 'n dorp te beskryf as iemand wat daar grootgeword het nie. So, hierdie keer gaan ek uittreksels uit 'n boekie wat Helene Snyman (ons moeder) geskryf het en aan elkeen van ons 3 dogters as kersgeskenk gegee het, hier weergee.

**Koringberg**

Waar in die wêreld is die plek? In die Swartland? Waar is dit? Dit lê rofweg tussen Porterville in die ooste, Koperfontein in die weste, tussen Malmesbury in die suide en Eendekuil in die noorde - vat die N7 hoofpad van die Kaap af Springbok en Namibië toe, ry by Malmesbury verby en ± 15 km na Moorreesburg by Muggievlak draai die pad links af na Koringberg. Tussen uitgestrekte graanlande deur ry jy tot jy oor die bultjie naby die plaas Vleidam gaan en dan sien jy die klein, rustige dorpie, omring deur koringlande, wat lyk of dit teen die berg wil opklim.



*Die berg vorm deel van "De Zwarte Berg", so genoem as gevolg van die baie swart renosterbosse wat daar groei.* *Foto: Verskaf*

**'n Terugblik op die vroeëre geskiedenis**

Tot 1925 was Koringberg bekend as Warren's Camp, vernoem na 'n meneer Warren, die ingenieur wat die spoorlyn in die Swartland afgesteek het. Die distrik het onder die Ring van die Paarl geresorteer, maar as gevolg van die uitgestrektheid van die distrik was dit vir die predikante onmoontlik om by al die gemeentelede uit te kom, en so vroeg soos 1909 was daar al planne om 'n aparte gemeente te stig. In Oktober 1923 het dit gerealiseer en die plaas Brakwater is aangekoop met die oog op die stigting van 'n dorpie waar 'n eie kerkgebou opgerig kon word.

Die plaas Brakwater het 'n baie interessante geskiedenis. Harry, die Strandloper het in die tyd van Jan van Riebeeck met sy vee van Saldanha tot in die Kaap gewei waar hy dan slaggoed aan die Kommandeur verkoop het. Die fontein op Brakwater was een van die plekke waar hy sy vee laat suip het. Toe die fontein gedurende die eerste helfte van die 20st eeu skoongemaak is, het 'n mnr Van Zyl 'n silwermuntstuk met die datum 29 Oktober 1591 daarop uit die modder gehaal. Volgens stukke in die Kaapse Argief was Jan van Riebeeck se skeepsdokter, dr van Meerhof met Harry se suster, Eva, 'n Honttentot-bediende in diens van die Van Riebeecks getroud. Die vermoede is dus dat sy die muntstuk aan Harry gegee het en dat hy dit tydens een van sy togte daar in die fontein verloor het.

Aanvanklik was Koringberg net 'n kerkdorpie en die NG kerkraad het die hele dorp beheer. In 1924 is die eerste kerksaal gebou en is die eerste voltydse predikant, ds Stegmann daar ontvang. Hy was 'n baie dinamiese man en het reeds vanaf sy eerste kerkraadsvergadering daarop aangedring dat die notule in Afrikaans geskryf moet word. Ds Stegman verdien ook spesiale vermelding omdat hy as kranige rugbyspeler in 1906 as lid van Paul Roos se Springbokspan die eerste Springbok-drie van alle tye op Britse bodem gedruk het. Die kerkraad het ook besluit om bekostigbare erwe vir verkoop beskikbaar te stel om meer mense na Koringberg te lok. 'n Erf van 1500m X 2000m is byvoorbeeld vir £1 (R2) verkoop. 'n Huis wat in die begin van die 1980's so ± R10 000.00 gekos het, sal nou maklik vir kort duskant 'n miljoen in die mark wees. Vandag is Koringberg, soos so baie van die kleiner dorpe, 'n toevlugsoord vir kunstenaars waar hulle hulle kreatiwiteit in rustigheid en vrede kan uitleef.



*Foto: Verskaf*

Hand aan hand met die ontwikkeling van die gemeente het ook die ontwikkeling van die dorp gekom en besighede het begin floreer. Behalwe die winkels op die dorp, was daar ook die smouslorries wat van plaas tot plaas gery het met volgepakte rakke kruideniersware, hardeware, materiaal, lekkergoed en alles wat mens nodig gehad het. Aangesien Koringberg hoofsaaklik koringwêreld is, was die graanstoor 'n uitstaande baken, en in 1972-73 is 12 kolossale graansilo's aan die suidekant van die dorp opgerig. Deesdae is die goudgeel kanola op die lande in Augustus / September ook 'n asemrowende gesig.



*Foto: Verskaf*

Dr. T.N. du Toit, predikant op Koringberg vanaf 1951 tot 1957 het op 'n keer gesê:
"Vir my persoonlik is die deemoed van Koringberg uitstaande. Dit is 'n seldsame eienskap by mense maar op Koringberg is dit 'n alledaagsheid. Mense is hartlik, belangstellend, en hulle aanvaar mekaar soos hulle is." Wat 'n pragtige getuigskrif!
Die beskrywende plaasname is so eie aan die distrik, en die meeste sê presies waar dit vandaan kom: Brakwater, Soutkloof, Vleidam, Windheuwel, Taaibosvlei, Vaalgrasrug, Muggievlakte, Spitskop .......
Selfs die mense het nie die byname vrygespring nie – party baie beskrywend, ander minder vleiend: Patryse, Uile, Katte, Muishonde, Klontjies, Blikkiejêms, Ystervarke, Potvoet, Wit-esel, Melkbok, .......



*Foto: Verskaf*

Besienswaardighede en aktiwiteite:
Die Misverstand-dam wat elke jaar met die Bergrivier kano marathon in die nuus is omdat dit 'n oornagpunt is, is in die Koringbergdistrik. Dis 'n hengelaarsparadys, met die rustigheid van lopende water en voëlgesang, en is ook baie gesog by watersport liefhebbers. Die Bergrivier is ook uiters geskik vir vlieghengel as gevolg van die baie diep poele buite die reënseisoen. Daar is ook chalets by die damwal wat uitverhuur word en waar 'n stadsmens weer sy battery kan herlaai.

Die Koringberg bergfietspad is 'n daglange rit met 'n gids wat jou deur koringlande, fynbos, klipkoppies en skerp haarnaald draaie vat. Vir die minder avontuurlustiges is daar 'n 5 kilometer-lange voetslaanpad tot bo-op Koringberg vanwaar Tafelberg, die Sederberge en die Winterhoekberge op 'n helder dag sigbaar is.

Vir meer inligting oor verblyf en kontakbesonderhede, gaan na www.cornberg.co.za

En baie dankie Moeder (Helene Snyman), dat ek so 'n bietjie plagiaat kon pleeg!

*~ Elphia du Plessis*

GETCET
QUALITY CLOTHING

**GETCET bied u klerasie vir mans, dames en kinders vir ALLE geleenthede.**
**GETCET hou ook juwele,onderklere en skoene aan!**
**GETCET Bloemfontein spesialiseer in geleentheidsdrag, doen gerus navrae by Matilda in Zastron.**
**Verstelwerk aan klerasie nou ook "n diens wat GETCET aan u lewer.**
**Hou ons vensters dop vir spesiale aanbiedings!**

**GETCET BLOEMFONTEIN / ZASTRON**

## Time has no Boundaries, God is Love

*by Helen Dixon*

This great thought has only come to me late in life.
God tells us in the Bible that we can't escape His love, even if we go to the depth of sea.
Do you realize that God is everywhere and in everything?
He is in the soil, the earth, the dessert and seas, in the universe.
He is in man and all living beings, insects and animals.
He is in all seasons, in the trees, flowers, sunshine and snow.
The falling drop of rain which falls and collects to become a stream flowing to the ocean;
No longer a single entity, lapping against ships, smashing against rocky shores and swirling into lagoons - a fount of energy.
The overwhelming force of love.
For slowly as joy dawns without a doubt, is that the vibrant living force everywhere.
Time has no boundaries - God is Love!

# Journalism as a social cohesion gismo

Journalism is a discipline of knowledge; the word Journalism is derived from the French word "De Jour" which means "Of the Day".

In the oldest, journalism's role at the time was to act as a mediator or translator between the public/ community and policy making elites. The journalist became the middleman. When elites spoke, journalists listened and recorded the information, distilled it, and passed it on to the public for their consumption.

Some of the derivations for journalism, the public was not in a position to deconstruct the growing and complex flurry of information present in modern society, and so an intermediary was needed to filter news for the masses. Furthermore, the public was too consumed with their daily lives to care about complex public policy. Therefore the public needed someone to interpret the decisions or concerns of the elite to make the information plain and simple.

In journalism, the loyalty is to the citizenry and community; journalism are obliged to tell the truth and must serve as an independent monitor of powerful individuals, organizations and institutions within society. The essence of journalism is to provide citizens and community at large with reliable information through the discipline of verification, as well providing a forum for public criticism. It should also respect people's privacy and ensure accuracy.

Journalism who believe they are being fair or objective may give biased versions, by merely reporting selectively, trusting too much to anecdote, or giving a partial a partial explanation of actions. Even in routine reporting, bias can move stealthily into a story through a reporter's choice of facts to summarize, or through failure to check enough sources, hear and report dissenting voices, or seek fresh perspectives. Among all forms of journalism, I mostly prefer Community Journalism.

I believed the community is not only capable of understanding the issues created or responded to be elite; it is in the community forum that decisions should be made after discussion and debate. When issues are thoroughly discussed, then the best ideas would fizz to the surface. I also believe journalists should do more than simply pass on information being enacted. Therefore the ideology is more and commonly known in my terms as "Community Journalism".

This concept of Community Journalism is at the centre of new developments in journalism. In this new paradigm, journalists are able to engage citizens and the expert/ elites in the proposition of content. It's important to note that while there is an assumption of equality, we still need to celebrate expertise. I believe the shared knowledge of many is far superior to a single individual's knowledge.

Whilst this journalistic philosophy might not be acceptable to government leaders, but approach is a better description of how many journalists see their role in society, and, in turn, how much of society expects journalist to function. However in our communities, for example, may criticize some of the excesses committed by journalists, but they tend to expect journalists to serve as watchdogs on government, businesses and political parties, enabling people to make informed decisions on issues of the time.
Therefore Journalism is a social cohesion gismo.

*~ Lehlohonolo Mafatman (083 635 3578)*

# October

October is the loveliest month of the year! The perfume of roses wafts everywhere. The colours so bright... red, orange, pink, yellow, blue and white. Trees are decked in shimmering green, birds are everywhere to be seen. The song of the birds and buzz of the bees you know summer is here.
Days are longer and warm, nights are magnificent with the moonlight shining down and stars are bright in the heavenly light.
Be grateful for God's wonderful love, given to us from His heavens above.

*~ Helen Dixon*

MH MARCO HEYMANS
FINANSIELE BEPLANNERS
Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)
NUUSFLITS / NEWS FLASH
Dit is weer tyd vir **MEDIESEFONDS HERNUWINGS**
Kontak ons asb. indien ons u plan moet nagaan en moontlik moet verander
*Spesialiseer In:*
• Boedelontleding en Boedelbeplanning
• Aftree beplanning
• Korttermyn Versekering
• Mediese fondse
• Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579
• Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
• Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar.
• Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering.
• Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.
2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966
(051) 683 0234/180 0866 045 074 082 7800 697 mheymans@zipplink.co.za

# A skiet on rabies Vaccination Day

The usual rabies vaccination day dawns in our small dorp. The notices have been sent out, reminding everyone about it. The early birds arrive with their beloved pets at the town hall.

There is a young official and his assistance waiting for their important job. With courteous "Good mornings", "Hoe gaan dit", "Hoe lyk die weer" the job begins.

All goes well with the small hounds. Then a man arrives with his Alsatian cross. The Alsatian aspires a mangy township dog under the trees, he breaks away from his owner and descends on the poor mangy cur. After a tussle, I the owner of the Alsatian and the official finally separated them, and the Government official wraps a hanky round his bleeding hand.

A few more clawing cats in orange bags and cardboard boxes and more scratches, but injections are administered.

Then a lady arrives with her very big, fat, white English bulldog. She goes to ask the official if he will do her dog in the car, but bulldog decides differently. The dog backs up against one car door and storms the opposite door, which flies open and bulldog is after small Maltese poodle. After another mammoth tussle, the dogs are separated. More hankies are wrapped around the official's hand.

By this time he was not trusting any dog when he arrived with three big dogs chained up on the bakkie. I explain that they are tame and wouldn't bite, but he is taking no chances. My gardener, who accompanied me, is instructed by the official to hold the heads of the dogs away from him. He is clearly in a nervous state.

I am sure he had to have rabies injection himself when the day was over.
So another vaccination day has come and gone.
By an amused observer.

*~ Helen Dixon*

Zastron Slaghuis



Anton en Leon Scorrano

U VARSVLEIS-VERSKAFFER

Nou in voorraad
Silwer skoon
gekrapte skaap afvalle

Presto Aquabita Servizio • Vinnige betroubare diens
Faks en Tel. 051 673 1020/673 1331
Hoofdstraat 25, Zastron
Na ure - 051 673 1534 of
051 673 1560

PRAGTIGE POUE TE KOOP



1 Mannetjie + 2 Wyfies
@ R500 elk
Kontak: 082 699 9724

# Oudleerling van Hoërskool Zastron word Amerikaanse Burger

Kevin van Rensburg, oudleerling van die Hoërskool Zastron, waar hy sy hele skoolloopbaan voltooi het en tans van Norwalk Connecticut VSA, het sopas Amerikaanse burgerskap verwerf.

Nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy homself as onderwyser, aan die Bloemfonteinse Onderwysers-kollege (BOK), bekwaam. Op skool en Kollege het hy in tennis uitgeblink.

Tydens sy verpligte militêre opleiding het hy ook vir die destydse Suid Wes Afrika (tans Namibië) gespeel.

Na 'n kort loopbaan in die onderwys, in Welkom en aan Grey Kollege in Bloemfontein, het hy in 2000 besluit om na die VSA te verhuis.Hier het hy 'n aanstelling as Tennis dosent aan 'n Tennis Akedemie in Norwalk, aanvaar.

Op 'n privaat seremonie is Amerikaanse burgerskap deur Sy Edele. Regter Stephan R. Underhill aan hom toegeken

*~ Alex van Rensburg*



*Foto: Verskaf*


If you're all wrapped up in yourself, it simply means you're overdressed

Just because you don't think it's right, doesn't mean it's wrong.

**BKB**

- Wol en bokhaar
- Lewende hawe
- Eiendomme
- Handel
- Finansieringsdienste

Handelstak: 051 673 1171 Frikkie Landman 082 458 6099

Skeerdiens: 051 673 1528 Johannes Pienaar 082 772 2598

Vesel (Wol): Louis de Jager 082 829 8510

*Tuiste van Landbou*

herdink.herwin

Email: www.bkb.co.za

# Matrikulante 2012

**Vir die 12 jaar se lange wag**
**span nou in jul laaste krag**
**die eindeksamen is jul mikpunt**
**En oorwinning sal jul vind**

**Champion span wens julle alle sterkte en voorspoed toe vir die eksamen en die toekoms!**

Kotteljonsie
051 673 1369
Baie sterkste aan elke matriek. Mag jul harde werk beloon word. Dankie, vir jul ondersteuning!

*Moenie terugsit en altyd vir beter dinge wag, maar doen jou deel en werk hard elke dag. Begin net daar waar jy nou is en steek almal aan met jou lewenslus!*

***STERKTE VIR DIE MATRIEK EINDEKSAMEN!***
***Du Plessis Vee en Vervoer***

**STERKTE MATRIEKS! MAG DIT GOED GAAN MET DIE EKSAMEN!**
**Model Slaghuis**

12 jaar van swoeg en sweet, teen die tyd moet jy alles weet. Werk hard soos 'n mier in hierdie laaste uur. Gee net jou bes! God doen die res!

**Sterkte met die eksamen Matrieks!**
****
**Best wishes for your exams Matrics!**

**KANAAN**

**BEST OF LUCK MATRICS OF ZASTRON!**

**Zastron Printers**

Sterkte met die eksamen! Onthou: GEE NET ALTYD JOU BESTE!
Jacques & Yolande
Unie Drankwinkel en OOG bakkery

**Matrieks! Baie sterkte met die eindeksamen! Wens jul almal baie sukses toe!**
**MIDAS**

*We wish* all the learners of the *Matric* class of 2012 the best of luck during the year end *matric* examinations. **SQUARES**

# The Cinderella story

One of Lere La Thuto's ex-learners, Miss Rose Ngalo, phoned me earlier this Year and said she has a designing business in Durban and she wishes to make her contribution for Mandela Day this year by dressing two needy matric girls for the Matric Ball this year. We had to identify the girls and send their measurements to her.

We did this and informed the two girls, Thandiwe Mclingane and Puseletso Moiloa about this fantastic present that was offered to them. They were very excited and could not wait to see what their dresses would look like.

The Matric Ball was scheduled for 28 September and on 21 September the courier from Durban delivered the dresses. In the parcels was their full attire for the dream evening, dress, jewels and shoes. The girls could not wait for the big evening as they knew that they would look like two princesses.



*Thandiwe Mclingane* *Photo: Supplied*

The School, the SGB, the two girls and the community wish to thank Me. Ngalo for this unselfish deed she did to make a very special day in the lives of our matrics, more special for these two learners. Thank you. May God bless you!



*Puseletso Moiloa* *Photo: Supplied*

Susan'S Ejendomme Properties
"We will do our best for you!"

**Sandra Cusens**
**073 3277 633**

**Koop & verkoop van huise, besighede en plase. Verhurings**

Zastron Drukkery Gebou
Majozi Str. 26 ZASTRON
Tel/Faks: 051 673 1096

e-pos:scusens@xsinet.co.za

# Lere la Thuto's speakout learners participate in a dialogue

On 17 September the Xhariep District Aids Committee on Children Affected by HIV/AIDS (Social Welfare) had a dialogue where learners from Zastron, Rouxville, Smithfield and Van Stadensrus were discussing whether the education system in South Africa builds a better nation or not.

The outcome of this dialogue was so good that the 4 learners were invited to Trompsburg on 11 October where the best learners in the dialogue of other regions were getting together to discuss this matter further. As our learners were expressing themselves so well we were requested to expand the speak out group to 7 to participate in the dialogue. The day was a huge success.



*Puseletso Dondolo, Lefu Makhetha, Jacob Macheli, Jean- Lee Wittles Mr. TR Masulubele (Facilitator)* Photo: Supplied

# Nico de Klerk besoek Zastron

Op Vrydag, 28 September 2012 het Nico de Klerk, 'n voormalige dominee van Zastron en drie vriende Zastron besoek. Hulle was oppad Namibië toe vir 'n toer wat Nico sou lei en sou nog toerlede in Port Elizabeth ontmoet.



*Foto: Verskaf*



*Foto: Verskaf*






The wisest of people in this world are those that admit when they are wrong.

# Hoërskool Zastron
## Prysuitdeling 2013

Baie geluk aan elke leerder wat 'n sertifikaat, prys of trofee tydens bogenoemde funksie ontvang het. Die volgende ontvangers van spesiale toekennings en die nuwe leiers vir 2013 word vermeld:

**Toppresteerders: Laerskool**

| | |
|---|---|
| Kultuurbeker | Nadia Malherbe |
| Victrix Lodorum | Wiané Marais |
| Victor Lodorum | Schalk-Willem Visser |

**Toppresteerders: Hoërskool**

| | |
|---|---|
| Kultuurbeker | Van Zyl Cronjé |
| Victrix Lodorum | Wilmie Greyling |
| Victor Lodorum | A J Goosen |
| Veelsydigheidstrofee | Hennie de Swardt |
| Dux leerder – graad 12 | Hennie de Swardt |

**Koshuisprefekte:**
**LAERSKOOL**

**Môrelig Koshuis**
Nakkie Naudé
Henco de Goede
Stefan Greyling
Ruan Muller
Antonie Klopper

**Rowan Koshuis**
Chantel Deyzel
Elri van Rooyen
Isabella Bezuidenhout
Simoné du Plooy
Jané J van Rensburg

**Hoofseun**
Nakkie Naudé

**Hoofdogter**
Chantel Deyzel

**HOËRSKOOL**

**Willie Viljoen**
Chrisna Neethling
Wilmé Smith
Aldunė Wolfaardt
Wilmie Greyling
Marizanne Weideman

**Venterhuis**
A J Goosen
Martin Steyn
Rikus Smit
Antonie Lombard
Christiaan Strauss

**Hoofdogter**
Chrisna Neethling

**Hoofseun**
A J Goosen

**LEERDERRAAD 2013**

**Dogters**
Luzé Fouché
Leandri Jansen van Vuuren
Chrisna Neethling
Aldunė Wolfaardt

**Seuns**
Henco de Goede
Nicholas Naudé
Martin Steyn
Rikus Smit

**Hoofdogter:**
Wilmé Smith

**O/Hoofdogter:**
Wilmie Greyling

**Hoofseun:**
A J Goosen

**O/Hoofseun:**
Wayne Slabbert

**GRAAD 2: Roxanne Lee Carter trofee**

Fumane Maphaha het die Roxanne Lee Carter trofee gekry vir die netste leerder in graad 2.



*Môrelig Koshuisprefekte* *Foto: Verskaf*



*Rowan Koshuisprefekte* *Foto: Verskaf*



*Willie Viljoen Koshuisprefekte* *Foto: Verskaf*



*Leerderraad* *Foto: Verskaf*



*Fumane Maphaha (Roxanne Lee Carter trofee - Graad 2)* *Foto: Verskaf*

# AJ Goosen
## Hoërskool Zastron Se Trots

AJ het vanaf 4 tot 5 Oktober 2012 aan die Atlantic Provincial 7's te Tukkies, Pretoria deelgeneem. Op Vrydag was hy deel van die Vrystaat span wat teen die Valke gewen het 40 – 33. Hierdie wedstryd is op Supersport gebeeldsaai en tydens hierdie wedstryd het AJ 'n drie gedruk. AJ, jy is voorwaar Hoërskool Zastron se trots!!!



*Foto: Verskaf*


**CHAMPION DISTRIBUTORS**

4 Mathey Street
Zastron

TEL/FAX 051-673 1773

MEDAL paints
Verskaffers van MEDAL verf

- Hardware & building material
- Dress Material
- Cement
- Gas

Ons streef daarna om altyd u as kliënt tevrede te hou!

As ons dit nie het nie....kry ons dit!

KONTAK: Martina / Nico vir persoonlike diens!



**VANANCO WHOLESALERS C.C.**

TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net

SASKO
PRODUKTE / PRODUCTS

IMPILO M/MEAL

**Fresh fruit & veg**
**Tuesday and Thursday pm**

Contact / Kontak:
Ronnie
Ryan
Mark

FNB ABSA
OTM in winkel / available in shop


## JOKES • JOKES • JOKES

Tom, Dick and Harry went to a party. After the party they returned to the hotel. The hotel was 600 stories high.

Unfortunately for them, the elevator was not working. They made a plan for the first 200 stories, Tom will crack jokes.

The second 200 stories Dick will tell a happy story and lastly Harry will tell a sad story. They then started up the steps

After 2 hours it was Harry's turn. He turned to the other two and said "Ok guys, here's my sad story. I forgot the keys downstairs.

***

A mother took her little boy to church. While in church the little boy said, "Mommy, I have to pee."

The mother said to the little boy, "It's not appropriate to say the word 'pee' in church. So, from now on whenever you have to 'pee' just tell me that you have to 'whisper'."

The following Sunday, the little boy went to church with his father and during the service said to his father, "Daddy, I have to whisper."

The father looked at him and said, "Okay, just whisper in my ear."

# Zastron Forum & droomdorp nuus:

**Forum bedankings**

1. Almal wat bereid is om by te dra om seker te maak dat die Zastronner se voortbestaan verseker is!!
2. Die rugbyspanne van Hoërskool Zastron wat die gate gegrawe het vir die bome wat in die park geplant is.
3. Die Tuinbou klub vir hulle bydrae by die vernuwing van die munisipale tuine voor die stadsaal.

**Vullisdrom kompetisie:**
Al drie hoërskole word deur die ATKV uitgedaag om elkeen ongeveer 20 dromme te verf. 'n Heerlike kontant prys word aan die wengroep gegee. Gee solank 'n gedagte aan wie jou groep is en hoe julle jul drom gaan verf.

**Tuin voor die stadsaal:**
Die Tuinbou klub, en spesifiek Louise de Beer, help op 'n daaglikse basis om die roostuin voor die munisipaliteit te vernuwe. Die tuinbou klub is ook betrokke by die plante en bydraes word van alle kante af gemaak om die tuine op te kikker.

Stortingsterrein:
Die stortingsterrein is 'n prioriteit vir die forum en die munisipaliteit het onderneem om daadwerklik iets daaraan te doen.
Jaar afsluiting

Op Vrydag 16 November 2012 hou ons 'n heerlike positiewe jaarafsluiting by die golfklub. Dit is 'n bring en braai. Alle lede en ook nie-lede is baie welkom.



## Zastron Forum

Baie voorspoed aan elke matriek van Zastron Hoërskool en Lere La Thutho met die eksamen wat voorlê. Doen net jou bes!!!

Best wishes to all the Grade 12's in Zastron Hoërskool and Lere La Thutho for the upcoming exams. Your best will be enough!!!

## Zastron forum jaarafsluiting

| | |
|---|---|
| Waar: | Golfklub |
| Wanneer: | Vrydag 16 November 2012 |
| Tyd: | 18h00 |
| Wie: | Almal wat belangstel |
| Kontak: | Annelize Keevé |
| | 0824992361 |

NUUT

OOG KAFEE

Zastron 051 673 1584

DIE TYD HET AANGEBREEK!

Die Oogbakkery het van adres verander. Kom maak "n draai by ons - waar ou Trio's kafee was - en bederf jouself met meer spasie, gerief en vele meer!!





SCOTTY'S MIDAS

24-HOURS UUR

All about Timing!

22 LUCAS MAJOZI STREET ZASTRON

051 - 6731872



Visvang Toerusting beskikbaar vanaf November 2012

* hoeke * stokke * aas





ALSO AVAILABLE

- SILENCERS
- TYRES
- NUMBER PLATES

# ZASTRONNER fotografie raad

**Diepte van veld**

Hierdie foto het ek naby die Sterkspruit brug geneem. Dit herinner 'n mens dat 'n foto ook in die klein dingetjies lê. Ek het 'n baie lae aperatuur gebruik, f 4,5, wat veroorsaak dat slegs 'n baie klein deel van die foto in fokus is.

Kies die kleur van die onderwerp versigtig. In hierdie foto is die grassade 'n pers kleur en die agtergrond die groen van die berg en veld. Die kleur bied 'n lekker kontras en die aandag word sodoende op die grassade gevestig. Ek gebruik graag 'n lae ISO van 100 of selfs 50 as die lig dit toelaat sodat die kleur saturasie hoog is.

*~ Annelize Keeve*



**Knowledge is whatever remains after you forgotten what you've learned**




### *gedelateerde kapilêre*

Die vorige paar maande het ons gesels oor al die verskillende metodes van velreiniging. Vir die volgende tyd gaan ons kyk na verskillende velonreëlmatighede en wat jy daarvoor kan gebruik.

Baie vroue asook mans sukkel met fyn gebarste aartjies langs die neus en wangareas. Soms kan dit geneties wees maar daar is wel ander oorsake ook bv:

- Sonskade
- Rook
- Temperatuurskommelinge
- Rof werk met jou vel
- Alkohol misbruik
- Sterk speseryagtige voedsel

As jy 'n geneigdheid tot gebarste aartjies het, is dit nodig dat jy bogenoemde faktore uitskakel of drasties verminder. Laserterapie kan 'n semi-permanente oplossing bied en verder kan jy Vitamiene C kapsules inneem asook Vitamien C rome aan jou vel smeer. Maak egter doodseker dat die Vitamien C in die velsorgproduk stabiel is, anders is die behandeling oneffektief!

Omega 3 is ook 'n goeie aanvuller om te gebruik. 'n Groen velverbloemer onder jou onderlaag kan rooi aartjies mooi wegsteek.

Geniet die somer en onthou om jou sonblok aan te smeer! Dit voorkom altyd velskade!

***Anlie Smith (Carmé Velsorgkliniek, 082 934 35 29)***

# Pretblad / Fun Page

**SODUKO**

**OPLOSSING VAN NOMMER 8: So, wie het hom reggekry?**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 4 | 7 | 5 | 1 | 2 | 3 | 6 | 8 |
| 1 | 6 | 8 | 7 | 4 | 3 | 2 | 5 | 9 |
| 3 | 2 | 5 | 9 | 8 | 6 | 4 | 7 | 1 |
| 2 | 8 | 6 | 4 | 5 | 1 | 7 | 9 | 3 |
| 5 | 1 | 4 | 3 | 7 | 9 | 6 | 8 | 2 |
| 7 | 3 | 9 | 2 | 6 | 8 | 5 | 1 | 4 |
| 8 | 7 | 1 | 6 | 2 | 4 | 9 | 3 | 5 |
| 4 | 5 | 3 | 8 | 9 | 7 | 1 | 2 | 6 |
| 6 | 9 | 2 | 1 | 3 | 5 | 8 | 4 | 7 |

**NOMMER 9:**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 8 | 5 | 1 | 7 | 3 | 9 | 2 | 6 |
| 3 | 1 | 2 | 6 | 9 | 4 | 8 | 5 | 7 |
| 7 | 6 | 9 | 2 | 5 | 8 | 1 | 3 | 4 |
| 1 | 2 | 4 | 9 | 6 | 5 | 7 | 8 | 3 |
| 8 | 3 | 7 | 4 | 2 | 1 | 5 | 6 | 9 |
| 9 | 5 | 6 | 8 | 3 | 7 | 4 | 1 | 2 |
| 5 | 4 | 3 | 7 | 1 | 2 | 6 | 9 | 8 |
| 6 | 7 | 1 | 3 | 8 | 9 | 2 | 4 | 5 |
| 2 | 9 | 8 | 5 | 4 | 6 | 3 | 7 | 1 |



# Recipes



# Resepte

Soms is dit goed om jou "jonk" te hou wanneer jy verseker nie meer is nie!!! So is dit vir my baie lekker om na die web-tuistes te gaan wat op RSG genoem word. (As ek net kan onthou totdat ek by 'n skryfding kom!) Maar, die web-tuiste www.my-easy-cooking.com is nou regtig een van my gunstelinge. Nadat ek al die jare my Bellville vriendin Alta Visser se onverbeterlike kolwyntjie resep vir al die kinderpartytjies en koekieverkopings gebruik het, is daardie reseppie, jammer Alta, nou vervang met hierdie een van daardie lekker web-tuiste.

## VANILLA CUP CAKES

2 cups self-raising flour
Pinch of salt
3 Eggs
375ml sugar
1 cup boiling water
Half a cup of oil
1 teaspoon vanilla

Preheat oven to 180˚C/350˚F and place paper cups into a muffin baking tray. Combine the water and oil. Beat eggs and sugar until pale in colour and creamy. Add vanilla. Add the flour and salt and fold in, adding the water and oil mixture while you are mixing. Spoon into the paper cups and bake for 12 – 15 minutes. Allow to cool.

## WHITE MOUSSE TOPPING

1 box instant vanilla pudding
500 ml Fresh cream
1 cup Milk

Open vanilla pudding into small mixing bowl and mix with 1 cup milk. Allow to set for about 10 – 15 minutes. In the meantime, whip the cream

until it forms soft peaks. Add the instant pudding that has now set, and beat until thoroughly mixed. Spoon into a piping bag and start decorating the cupcakes!

(www.my-easy-cooking.com - Food24 Blogs)

## *FRIKKADEL SOUS*

Het julle hierdie heeeeerlike vleisbolletjie sous? Ek weet nie waar dit vandaan kom nie - hoop nie ek ploeg met 'n ander man se kalwers nie!

Maak die vleisbolletjies van om en by een en 'n kwart kilogram vleis, op die manier waarop jy gewoond is. Sit dit in 'n effens geoliede oondpan, en dan kom hierdie sous bo-oor.

Half koppie Bladjang
Half koppie Tamatiesous
2 eetlepels Worcestersous
2 eetlepels Asyn
2 eetlepels Bruinsuiker
1 teelepel Kitskoffie

Roer goed deur en skep lepelsvol op rou bolletjies. Bedek eers en bak vir om en by 'n half uur. Maak dan oop en bak verder tot gaar. Baie lekker saam met groenbone, soetpampoen en lekker gegeurde rys.

Geniet!

*~Ria le Roux*



# Rouxville Gemeentefees
## 8 September 2012

455 Siele in een distrik saamgetrek. Dis nou die gemeente van die NG Kerk Rouxville – van speenoud tot stokoud, oftewel van tandlose spoegbekkies tot daardie van ons wie se malers al stomp geword het. Ons spook om op die kaart te bly . Teen hierdie agtergrond word die Gemeentefees gehou, nie sonder pyn nie!

In geen volgorde van belangrikheid, doen ek graag verslag:

Die vleis - 23 skape, 4 beeste en 2 varke is deur Cronnie en sy span van Tantus geslag, bewerk en verpak. Die verskillende snitte vleis en verskeidenheid worse en worsies is geweeg en geprys, baie aantreklik en te veel om te kies. Wors en maalvleis is vooraf op bestelling verkoop. Die sosaties veroorsaak amper 'n vuis slanery. Enige soort hoender was ook beskikbaar. 'n Heel varkkop rond die prentjie af.

Groot koeke – 2 tafels vol – laat 'n mense wonder, is daardie 3-laag sjokolade koek "for real"? Of moet ek liewer die vlakoek of wortelkoek opraap? Ds. se koek, selfgebak en versier, lyk beter as verlede jaar se poging, danksy die hulp van twee vrouens – sy wederhelfte en Ina Paarman.

'n Ou gunsteling is die brood en beskuittafel – enige vorm brood en beskuit van veerlig en slank tot bonkig en gesond. Jy moet net naderstaan met jou mandjie!

Koeksisters blink en vet staan ry op ry langs al wat 'n tert is. Ryk en lekker!

Die kleinkoekietafel was vanjaar 'n hartediefie – 'n kollig steler. Geluk Ansie! Alles wat sy in die hande kon kry is gebak, bespuit, gekrul en gedraai in pienk, pienk, pienk. Te mooi om leeg te koop.

Ina se kunsvlyt en naaldwerk tafel lok net oe's en aa's uit. Vir my bly dit 'n wonder dat vrouens soveel tyd, energie en kreatiwiteit het en dit dan alles uit liefde, verniet weggee. Sjoe!

Die kindertafel bly 'n gunsteling. As ek die pragtige jongmense so beskou wat teruggekom het plaastoe, gaan die tafel in formaat toeneem. Hier kan jy jou verlustig aan enige soetding in prettige houertjies en blikkies. Ons het net geweet van die leë sigaretboksies en "crinkle paper".

'n Nuutjie vanjaar was die noodhulpstalletjie, kompleet toegerus met pille vir stoutigheid en skoolsiek en pleisters vir elke pop se skeet. Die twee "verpleegsters" met maskers en handskoene was slaggereed.

Die wit olifanttafel bly 'n enigma. Hoe beland soveel eienaardige objekte in gewone mense se huise? Miskien het dit iets met my jare te doen, maar ek glo nie meer 'n ander ou se uitskot word jou gebruiksartikel nie.

Wat is 'n basaar sonder basaarpoeding? Amper soos 'n huis sonder 'n ma. Party poedings dink beslis hoe meer dril hoe lekkerder. Die mans het ook nie agtergebly nie en eerder hul hand gewaag aan 'n poeding as 'n koek of 'n tert.

Dankie Nellis vir jou "3-blikkie roomys" - amper 5 liter daarvan!

Te Ete – Madelene se ontbyt, lekkerder as die Wimpy van vroeg tot 9 vm.

Pannekoek – nog 'n sinoniem van die begrip basaar. Van vroeg, tot 4½ emmers deeg opgebak was. Ds. se pannekoekgooikompetisie toets die manne se vernuf of gebrek daaraan. Hulle geniet die flops en die mansding van, "wie is die beste" kom duidelik deur.

Koffie en tee word bedien op 'n kleinbordjie met 'n 'doily' en 'truffle'. Oulik ne?

Hotdogs en boerewors vir 'n "kiddies meal".

Wyk 14 se voorvatters wat in Uitkoms bly, bak vetkoek van daardie deeg wat oor die skottel loop as dit nie betyds afgeknie word nie. Heerlike groot vetkoeke met "mince" of skoon vetkoek, verkoop soos soetkoek!

Nog is het einde niet.

Sosaties, tjops en wors sis al van vroegdag op die kole. Die mistieke atmosfeer wat net geskep kan word deur braaivleisrook, mans met voorskote en blink voorkoppe lok ons nader. Heerlike slaaie en "buns" rond die ete af.

Byna vergeet ek van die spookasems! Pienk en taai, elke kind en almal wat nog jonk van hart is se droom.

Te doen – Skyfskiet – Dis nie net 'n mansding nie. Meisiekinders en hulle mammas kán ook. Die toeskouers gee raad en moedig aan. Seuntjies met blink oë vat die skyf met die "doodskoot" huis toe.

Fietsry – Verskillende ouderdomme en afstande. Baie goeie manier om gesonde eetlus op te werk.

Perdry – Lynette, dankie vir jou entoesiasme en toesig.

Twee manne vang die pret vas. Cronnie met stilprentjies en Francois met loop en praatprentjies. Die steelfotograwe vang kosbare herinneringe vas aan 'n onvergeetlike fees – wonder net wie sal volgende jaar nie meer daar wees nie.

'n Reusesukses danksy – Hoofghuru, Ria Sieberhagen-Fouché en haar feeskomitee.
Logistieke Beampte, Lottie Lotriet. "'n engel" – Ria se woorde.

Terrein – Vendusiekrale. Goed ingerig, genoeg spasie, uitsig op die berge.
Samewerking van sameroepers en hulle helpers.
Oop hand van die gemeenskap en ondersteuning van omliggende gemeentes.

Gesellige, hartlike amper karnaval atmosfeer aangehelp deur die musiek, verskaf deur ons eie "disc jockey", Blaar en sy assistent Andre.
Ds. en San se meelewing. Ds. het elke triek in die boek gebruik om ons te motiveer.

Die reuse bedrag van R120 042 is ingesamel. Die Here is getrou!

*~Elodie*



*Die Feeskomitee: vlnr Mariana Rothmann, Davie du Plessis, Rita Jordaan, Lottie Lotriet, Ds. Moller, San Moller en Ria Sieberhagen Fouché* *Foto: Verskaf*



*Feesgangers* *Foto: Verskaf*



*Besige koekiestafel* *Foto: Verskaf*



*Poedingtafel* *Foto: Verskaf*



*Kindertafel* *Foto: Verskaf*

## Kersboodskappe in Zastronner

Ons nooi ons lesers om vir net R20 'n Kersfees boodskap in die volgende ZASTRONNER te plaas. Dit sal lekker wees om te lees wat mense mekaar toewens in die Kerstyd. Bring die R20 en jou bewoording na Squares Furnishers voor Vrydag 16 November 2012 en lees jou boodskap in die koerant van vroeg Desember!

We invite our readers to place Christmas greetings in the next issue of ZASTRONNER. Each greeting will cost R20. Please bring your money and greeting to Squares Furnishers before Friday 16 November 2012 and read your message in ZASTRONNER of early December!

## Christmas Greeting in Zastronner



## NOOD Nommers

Moet hierdie nommers asb. onder geen omstandighede misbruik nie!

| SAPD Noodnommer | 10111 | SAPS Emergency No |
|---|---|---|
| SAPD Aanklagkantore (Gemeenskapsdiens Sentrum) | 051 673 9700 | SAPS Charge Offices (Community Service Centre) |
| Brandweer | 082 564 3423 | Fire Department |
| Ambulans | 10177 | Ambulance |
| Zastron Hospitaal | 051 673 1211 / 1200 | Zastron Hospital |
| Elektrisiteit Na ure | 051 673 9600<br>086 007 6937 | Electricity After Hours |
| Water Na ure | 078 800 2836<br>083 574 7556 | Water After Hours |

Under no circumstances may these numbers be misused

## EMERGENCY Numbers

**NB: Insleepdienste 24uur NB: Tow-In Service 24hrs**
**Zastron Towing Sel - 082 959 4467 - Cell**

# KERKDIENSTE
# CHURCH SERVICES

**~ N.G. KERK ~**
**Eredienste: 09:30**
Leraar: Ds. Coenie Jacobs 051 673 1075
Skriba/Kassier: Mev. H. van Eyssen 051 673 1333
Kantoor-ure: Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00
Koster: Mnr. A.D. Connoway 051 673 1339

**~ METHODIST CHURCH ~**
Services every 2nd Sunday a month (Communion) and 4th Sunday.
**Services start with praise and worship 11:00**
Leba Higgs 051 673 1130

**~ VOLLE EVANGELIE KERK VAN S.A. ZASTRON ~**
Leraar: Pastoor Sampie Leeuwner 082 468 5566
**Byeenkomste: Sondae om 09:30**

**~ MARANATHA SENDING / MISSION ~**
Plek / Place: Gustavus Str. 15
Kerkdienste / Service Times
**Oggenddiens / Morning Service: 10:00**
Dinsdagaandbyeenkoms / Tuesday evening Fellowship: 19:00

**~ AGS LEWENDE WATERS / AFM LIVING WATERS ~**
Majozi Str. 26, Zastron
Pastoor André Langenhoven 082 068 6479 / 051 673 1808
**Erediens & Kinderkerk: 10:00 ; Aanddiens: 18:00**
Biduur (Woensdag): 18:30; Jeug (Vrydag): 19:00


**PAUL'S TYRES**
**ZASTRON**
**SEL: 0846335135**

***ONCE OFF SPECIAL !***

**185/60R13 - R 620**
**175/65R14 - R 540**
**225/60R15 - R 920**
**205R14 - R 800**
**195R14 WSW - R 820**
**195R15 WSW - R 975**
**225/70R15 WSW - R 1400**
**235/85R16 MAXXIS - R 2200**
**235/85R16 MTR - R 2400**
**9.00-16 FRONT RIB - R 1800**
**10.00-16 FRONT RIB - R 2100**

***SOLANK VOORRAAD HOU / WHILE STOCK LAST***

GOODYEAR NANKANG
Infinity Tyres MAXXIS